

**25 SEPTEMBER**

**Skrifgedeelte: Lukas 2:25-40**

**Fokusgedeelte: Lukas 2:36-38**

### **God gebruik bejaardes in sy diens**

As God na 400 jaar weer praat, maak Hy Hom eers aan 'n priester (Sagaria) bekend, en dan ook aan 'n profeet; eintlik aan twee profete – Simeon en Anna. Vir baie jare was die stem van die profete stil gewees, maar nou is daar die getuienis van 2 wat die waarheid bekragtig.

Veral Anna, 'n vrou van 84 jaar oud, word pertinent genoem hier by die verlossingswerk van God as sy Seun op die toneel verskyn. So lank al wag sy vir hierdie dag en uur. Op die presiese moment word sy ook tempel toe getrek deur die Heilige Gees om oor hierdie groot genadedaad van God ingelig te word. Anna beteken genade – en nou sal sy hiervan getuig as sy die Kind Jesus sien. Dankbaar-ywerig gaan sy die verlossingsnuus oor en oor vertel aan haar vriende en mense wat in die koms van die Messias glo.

Die goeie nuus is dat bejaardes ook 'n plek by Jesus kry. Sagaria en Elizabeth is bejaard, Simeon en Anna is bejaard... En so is die Skrif vol van bejaardes wat God in sy diens gebruik het. Anna huiwer nie een oomblik om die Blye Boodskap te vertel nie. Daarom senior lidmaat, miskien skuif die samelewing of jou kinders jou uit hulle lewens uit, maar God betrek jou by sy verlossingswerk. Jy is vir Hom belangrik om die verlossingsnuus bekend te maak aan familie en vriende en elkeen wat nog jou pad kruis. Gaan doen dit dan !

*Sing: Psalm 92:6,7*

*Ds Theuns Potgieter (Bloemfontein-Noord)*